Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | TAAL (VRAAG 3, 4, 5 en 6) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

### BIETJIE EKSTRA AANDAG

1 ***Ek gee nooit vir my klas die korrekte antwoord nie," sê David de Storie, wat onlangs die Stella Clark-onderwysprys van die Universiteit van Kaapstad ontvang het.***

2 Om 07:15 elke oggend is David de Storie se Fisiese Wetenskapsklas reeds ŉ geroesemoes van stemme omdat kinders wat hulle akademie ernstig opvat daar veilig voel. Hierdie groep spandeer meer tyd aan hulle werk as die gemiddelde skoolleerder. Die kinders sit voor skool en pouses in sy klas en verduidelik vir mekaar die werk waarmee hulle sukkel. Hulle gaan vra daarna vir hom indien hulle nie antwoorde vir probleme kon vind nie. Die kinders in sy klas wil vir hom werk en google saans op hul selfone om reeds die volgende dag se werk na te gaan.

3 "Tegnies is hulle nie almal in my klas nie, maar hulle kom vir hulp," sê De Storie. Volgens hom is die grootste fout wat ŉ onderwyser kan maak is om die kinders, wat voor jou in ŉ klas sit, te onderskat.

4 Yameen Motala (19) het De Storie vir die prys benoem al was hy nie eens in sy klas nie. Yameen was een van die leerders wat elke vrye tyd van die skooldag in sy klas gaan sit en ekstra werk gedoen het en ook ander leerlinge gehelp het. Na ŉ lang onderhoud met De Storie, wat nie eers van die benoeming bewus was nie, het Yameen ŉ opstel oor sy mentor geskryf. Volgens Yameen het De Storie sy lewe verander.

5 Anika Marais, ŉ joernalis, het ŉ skooldag in De Storie se klas gaan sit en skryf die volgende oor hom:

6 "*Maya het 15 minute laat in die klas ingestap. De Storie het omgekyk en gesê: 'Welkom, sit en haal jou boeke uit. Ons is besig om empiriese formules te oefen.' Hy't nie geskree of die kind in verleentheid gebring nie. De Storie trek fluweelhandskoene aan as hy met sy leerders werk, want hy weet hoe maklik ŉ onderwyser ŉ kind se toekoms kan maak of breek.

7 Terwyl die kinders somme oefen, loop hy op en af deur die klas en help waar hy kan. Hy ken die kinders. By party se tafels bly hy langer en by andere loer hy net oor hulle skouer. Ander stuur hy subtiel in ŉ ander rigting. Hy gee nooit doelbewus die klas die regte antwoorde nie. Hy laat hulle die werk vir mekaar verduidelik. As hulle nie self ŉ antwoord kan kry nie, sal hulle nooit onthou nie.

8 Reeds in matriek het sy skoolhoof aanbeveel dat hy ŉ onderwyser moet word, maar hy het net gelag en gesê dat hy heeltemal te kort is en dat hy nooit vir die lang skoolseuns sal kan klasgee nie, want hulle sal hom nie kan raaksien nie!

Kopiereg voorbehou 

9 De Storie het later as 'n tweedejaar B.Sc.-student by die Primêre Skool Kleinberg, toe 'n onderwyser siek was, afgelos. 'n Skoolinspekteur het by hom besoek afgelê en aanbeveel dat hy 'n onderwyser moet word. Twee dae na die besoek het die inspekteur self gereël dat De Storie by die Hewitt-onderwyskollege in Athlone as student ingeskryf word. Toe hy later by Harold Cressy Hoërskool in die Kaapse middestad begin het, het die meeste van die leerlinge Fisiese Wetenskap gedruip. Drie maande later het 96% van die klas die eindeksamen geslaag.

10 Hulle het elke middag ná skool én op Saterdae en Sondae klas gegee. Die kinders het die werk vir mekaar verduidelik en so is die wa deur die drif getrek.

11 De Storie is baie nederig. Volgens hom kan en wil hy nie vir ander onderwysers sê hoe om klas te gee nie, sy metode werk vir hom en vir sy leerlinge. Hy reken hy is maar net 'n onderwyser gebore – tot sy eie kinders se frustrasie. Hulle sê altyd spottenderwys vir hom: "Ag moenie nou al weer soos 'n onderwyser klink as Pa met ons praat nie!"

[Bron: Verwerk uit ***BIETJIE EKSTRA AANDAG***, *Die Burger*, p17, 23 September 2015]

1.1 Watter instelling het die onderwysprys aan David de Storie toegeken? (1)

1.2 **Al die kinders wat in De Storie se klas sit en werk is nie sy leerders nie.**

Haal 'n sin aan om bogenoemde stelling te motiveer. (1)

1.3 Watter prys het De Storie ontvang? (1)

1.4 Wat, dink jy, beteken ***'n geroesemoes van stemme***? (paragraaf 2) Beantwoord in 'n VOLSIN. (1)

1.5 Hoekom het al die kinders in De Storie se klas gaan sit en werk? (paragraaf 2) (1)

1.6 Hoekom het Yameen De Storie as sy mentor gesien? (1)

1.7 1.7.1 Het die volgende uitdrukking 'n denotatiewe of 'n konnotatiewe betekenis?

**"De Storie trek fluweelhandskoene aan."** (paragraaf 6) (1)

1.7.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.7.1.

1.8 Wat moes Yameen doen om De Storie vir die toekenning aan te beveel? (1)

1.9 Waar het De Storie sy onderwysopleiding voltooi? (1)

1.10 Hoe lank het dit vir De Storie geneem om sy graad 12's op standaard te bring? (1)

1.11 Hoekom, dink jy, het Anika Marais vir ŉ dag in De Storie se klas gaan sit? (1)

1.12 1.12.1 Stem jy saam met die volgende stelling? Ja of Nee.

**Ander onderwysers kan by De Storie se onderrigmetode leer.**

1.12.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 1.12.1. (2)

1.13 Watter graadkursus het De Storie eers gestudeer? (1)

1.14 Hoekom wou De Storie nie ŉ onderwyser word toe hy nog op skool was nie? (1)

1.15 Watter vak onderrig De Storie? (1)

1.16 1.16.1 Word die volgende stelling LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik?

**"So is die wa deur die drif getrek."** (1)

1.16.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.16.1. (1)

1.17 Hoe voel jy oor De Storie se onderrigmetode dat hy nooit vir die kinders in sy klas die korrekte antwoord gee nie? **Motiveer** jou opinie. (2)


1.18 Watter bywoord in die laaste reël van paragraaf 11 sê vir ons dat die kinders daarvan hou om grappies met hulle pa te maak? (1)

1.19 Pas die titel by die inhoud van die leesstuk? Ja of Nee.

Motiveer jou keuse in ŉ volsin. (1)

Kopiereg voorbehou 

**TEKS B**




1.20 Hoekom is 'n kamera deel van die Instagram-logo? (1)

1.21 Rangskik die volgende sosiale-media-netwerke van die minste tot die meeste verbruikers: (1)

A Twitter
B Mxit
C Linkedin (1)

1.22 Hoekom is Instagram en Mxit se blokkies dieselfde grootte? (1)

1.23 Kies die antwoord tussen hakies wat nie korrek is nie. Skryf net die vraagnommer (1.23) en die antwoord neer. (1)

Die mense *tweet* op *Twitter*, want hulle (gee hulle opinie / praat op sosiale netwerk / praat net met hulle vriende). (1)

1.24 Hoekom, dink jy, gebruik Twitter 'n voëltjie as hulle logo? (1)

1.25 Watter land se maandelikse aktiewe verbruikers se statistiek word hierbo gegee? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: DIE GROOT G VAN GELETTERDHEID

### TEKS C

Lees hierdie artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE **aspekte van geletterdheid** in SEWE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS IN JOU EIE WOORDE neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**DIE GROOT G VAN GELETTERDHEID**

Geletterdheid is meer as lees en skryf. Dit beteken dat jy omgee vir jouself as jy goed kan lees en skryf daarom kan jy beter leer en kan jy die wêreld om jou beter verstaan. Jou gesondheid is baie belangrik. Om geletterd te wees, beteken dat jy kennis het van dinge wat vir jou skadelik is soos rook, dwelms en alkohol en ook hoekom oefening goed is en oorgewig sleg is.

Geletterdheid beteken dat jy geld$lim moet wees. Mense werk hard om geld te verdien om vir hulle geliefdes te sorg. Geld$lim beteken om nie geld te leen nie; dit beteken dat jy geld sal spaar en nie op onnodige dinge mors nie. Geletterdheid en groen is ook sinoniem. Hoe meer kennis jy van jou omgewing het, hoe meer besef jy dat dit belangrik is om dit op te pas: herwinning van papier en plastiek, water- en kragbesparing en om nie insekdoders te gebruik nie is belangrike dinge wat jy moet leer.

Omgee vir diere vorm deel van die genot van geletterdheid. Diere aanvaar mense soos hul is en mense ontspan meer wanneer hulle met hul troeteldiere speel. Kinders leer verantwoordelikheid as hulle diere versorg wat belangrik vir hulle opvoeding is. ŉ Deel van ŉ mens se geletterdheid en opvoeding is om ander mense in ag te neem. Jy leer dat as jy kwaad is, jy nie op andere mag skree nie. Respek is ook belangrik: dit beteken jy mag nie steel, boelie of lieg nie.

Elke mens moet weet waartoe hy/sy in staat is. Jy moet weet hoekom jy negatief reageer en wat jou kwaad en gelukkig maak. Selfkennis is seker die belangrikste tipe geletterdheid.

[Bron: Verwerk uit bylae tot *Die Burger*. Vrydag, 25 September 2015]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

## TEKS D

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.



3.1 Hoekom word **"Live Band"** en **"Jansenville Got Talent"** in aanhalingstekens geskryf? (1)

3.2 Wie bied die Donkey Derby aan? (1)

3.3 Hoekom is die gebruik van die alliterasie in die woorde Drostdy Donkie-Derby so effektief? (1)

3.4 Haal EEN woord uit die teks aan wat verafrikaans is. (1)

3.5 Skryf die AFKORTING in woorde: (1)

2 **nm**: Donkieritte.

3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die korrekte letter neer bv. 3.6 E.

Die uitdrukking **"reg van toegang voorbehou"** beteken:

A Jy het die reg om binne te gaan.
B Die reg om binne te gaan kan geweier word.
C Jy het nie die reg om binne te gaan nie.
D Die reg om binne te gaan kan nie geweier word nie. (1)

3.7 Watter ouderdomsgroep sal na die tienerdans gaan? (1)

3.8 Voltooi die sin met die korrekte BESITLIKE VOORNAAMWOORD: (1)

Elke ma kan ... eie baba met ʼn geruste hart by die babawagters los.

3.9 Waarom is die prentjies / grafika wat gebruik word funksioneel? Gee TWEE moontlike redes. (2)


**[10]**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 4: STROKIESPRENT

### TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.




4.1 Voltooi die sin met 'n gepaste woord: (1)

**"bla ... bla ... bla**" word in die plek van ... gebruik.

4.2 Wat is die funksie van die ellips in die strokiesprent? (1)

4.3 4.3.1 Gee 'n ANTONIEM vir die woord **<u>lui</u>** binne konteks van die strokiesprent. (1)

4.3.2 Gebruik die HOMONIEM vir **<u>lui</u>** in 'n volsin. (1)

4.4 Hoe weet ons as ons na die pa kyk dat hy met sy seun baklei? (1)

4.5 Op watter manier word die pa se woorde beklemtoon? (1)

4.6 Hoe weet ons dat die seun nie na sy pa luister nie? (1)

4.7 Voltooi die volgende sin met ’n goeie verduideliking:

**“Jou kamer is ’n varkhok**” beteken dat ... (1)

4.8 Hoe weet jy dat die pa sy hand op en af beweeg? (1)

4.9 Sê hoekom die volgende stelling WAAR is:

**Die seun stel nie belang in sy skoolwerk nie.** (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taal- en spelfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**Simba**




Simba-skyfies is Suid-Afrika se gunsteling happie. Hulle is deel van die lewe – oral waar mense pret het en hulself geniet – daar kry jy vir Simba!

Die eerste Simba-skyfies is in 1956 vervaardig. In elke pakkie skyfies was ’n klein sakkie sout wat jy moes oopskeur en oor jou skyfies moes sprinkel. Die maatskappy is deur Leon Greyvenstein begin. Sy naam is afkomstig van die Griekse woord “leeu” en hy wou sy naam op ’n manier deel maak van sy produk. As ’n egte (Suid-Afrika) het hy toe besluit om die Swahili woord vir leeu te gebruik. Leon sê: “So het ek Simba in 1956 sy naam gegee.” En daarmee saam het “Local is lekker” ook sommer ontstaan.

Omdat elke skyfie brrrrul van smaak, wil elke (aartappel / aartapel) in ons land graag ’n Simba “chippie” wees! Simba-skyfies waarborg dat pret, smaak en goeie tye altyd sal volg as iemand ’n pakkie oopmaak.

Komaan, maak ’n pakkie oop en geniet Suid-Afrika se gunsteling happie! Simba -skyfies is vir almal! Van oupa tot kleinseun, gogo tot kleindogter en almal tussenin!

5.1 Skryf die volgende sin oor in die BEDRYWENDE VORM. (1)

Die maatskappy is deur Leon Greyvenstein begin.

5.2 Verbind die volgende twee sinne maar begin met die VOEGWOORD **omdat.**

Simba-skyfies is Suid-Afrika se gunsteling happie.
Hulle is deel van die lewe.

Begin so: Omdat hulle ... (1)

Kopiereg voorbehou

5.3 Skryf die HOOFWERKWOOD van die sin neer. Skryf slegs die vraagnommer (5.3) en die antwoord neer.

Die eerste Simba-skyfies het in 1956 die lig gesien. (1)

5.4 Skryf die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die vraagnommer (5.4) en die antwoord neer.

In elke pakkie skyfies was ŉ **klein** sakkie sout. (1)

5.5 Herskryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die maatskappy is deur Leon Greyvenstein begin. (1)

5.6 Vorm ŉ PERSOONSNAAM vir die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.6) en die antwoord neer.

As ŉ egte (Suid-Afrika) het hy toe besluit om die Swahili woord vir leeu te gebruik. (1)

5.7 Herskryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Leon sê: "Ek het Simba in 1956 sy naam gegee."

Begin so: Leon sê dat ... (1)

5.8 Formuleer ŉ VRAAG met die onderstreepte deel as die antwoord.

**"Local is lekker"** het ontstaan. (1)

5.9 Gee die korrekte AFRIKAANSE SPELLING vir die woord **chip** in die volgende sin. Skryf slegs die vraagnommer (5.9) en die antwoord neer.

Almal wil ŉ Simba **chip** wees. (1)

5.10 Kies die KORREKTE SPELLING van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.10) en die antwoord neer.

Elke (**aartappel / aartapel)** in ons land wil graag ŉ Simba "chippie" wees. (1)

5.11 Skryf die AFKORTING van die vetgedrukte woord neer. Skryf slegs die vraagnommer (5.11) en die antwoord neer.

Die maatskappy is deur mnr Leon Greyvenstein, **direkteur** van Simba begin. (1)

5.12 Gee die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die vraagnommer (5.12) en die antwoord neer.

Simba skyfies waarborg dat ŉ goeie **tyd** sal volg. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.13 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Simba-skyfies is vir almal. (1)

Begin so: Simba-skyfies behoort ...

5.14 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Almal hou van Simba-skyfies. (1)

**TEKS G**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



Kies die korrekte woorde tussen hakies. Skryf SLEGS die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

Die dogtertjie, Mpho, is baie siek in die hospitaal. Sy het haar been gebreek. In die hoek van die kamer staan 'n 5.15 (kruk / kurk). Die dokter praat met die 5.16 (suster / sister). Mpho gaan 'n (drip / drup) in haar arm kry. Sy het 'n 5.17 (teddiebeer / teddy beer) in haar arm. Die dokter glimlag 5.18 (vir / met) haar en sê dat sy gou gesond sal word. Hy vra haar ook wat met haar gebeur het.

(1)
(1)
(1)
(1)

5.19 Vorm 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die woord tussen hakies.
Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Die (**speel**) Mpho het in die straat gehardloop toe sy oor 'n klip geval het. (1)

5.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Mpho se (**ma, pa en boetie)** gaan by haar kom kuier. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou